NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# DESEMBER 2022

**Die wonder van Advent: Dis alles *net genade*...**

“En jy, kindjie, ’n profeet van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak, om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: verlossing deur vergifnis van hulle sondes, danksy die genadige ontferming van ons God.” Lukas 1: 76-78.

Verlede Sondagoggend het ons weer gehoor hoe Gabriël vir Sagaria kom vertel het dat hy en Elisabet ‘n seuntjie gaan hê: Johannes die Doper, die een wat tradisioneel uitgebeeld word met die vingertjie wat altyd na Jesus wys. Uit daardie selfde hoofstuk lig ek vandag een enkele versie uit wat nie net daardie hoofstuk bepaal nie, maar wat die kern van die hele Nuwe Testament vorm. *Al* die wonderlike nuwe dinge waarvan die engel vertel, is “danksy die genadige omferming van God...”

Net in hierdie een hoofstuk lees ons *vier* keer van God se genade. Dit beteken dat God die wonder van Kersfees nie vir ons gee omdat ons dit op een of ander manier verdien nie, maar net omdat Hy ons liefhet en dit vir ons *wil* gee. Sagaria moet dit weet, maar ook ons wat in 2022 Kersfees gaan vier, moet weet: Dis alles net genade...

Dit moet oor ons totale Kersviering geskrywe staan. Kersfees is ‘n fees van dankbaarheid, en daarom van hernude toewyding. Jy moet weet dat jy ook deel kan kry aan God se koninkryk – totaal en al uit genade. Ons Liedboek is reg as hy na Kersfees verwys as “ons grootste Kersgeskenk”. Want dis wat dit is. God gee dit vir jou. Mag dit in 2022 baie duidelik uit ons Kersfeesviering blyk!